VOLKSBLAD
NUUS MET MENING

2010-05-18

Oud-Kroonstadter wen gesogte kompetisie in VK

JOHAN BRITS

KROONSTAD. – ’n Oud-Kroonstadter het as wenner weggestap in ’n Britse universiteit se gesogte kompetisie vir entrepreneurs met sy hoogs aangeskrewe sakeplan van ’n internasionale werwingsmaatskappy wat selfs ’n groot voordeel vir sy geboorteland kan inhou.

Mnr. Gary Schoeman (26), wat in 2002 aan die Hoërskool Kroonstad gematrikuleer het, was oorstelp van vreugde toe hy die Flare-kompetisie van die Universiteit van Hertfordshire in Engeland gewen het.

Schoeman se sakeplan was dié van SG Career, ’n werwingsmaatskappy wat daarop gemik is om studente te help om ’n somerwerk in Amerika te vind.

Volksblad het Schoeman op die sosiale netwerk Facebook opgespoor.

“Tydens die laaste vier jaar van werk en studeer tussen Amerika en die Verenigde Koninkryk (VK) het ek opgemerk daar is eerstens meer werk in Amerika met die sogenaamde ‘summer camps’ wat tienweek-werkkontrakte bied.

“Tweedens moet studente wat wel in Amerika kom werk, ander werwingsagentskappe ’n fortuin betaal. Dít het my laat dink: Ek kan ’n beter diens lewer teen ’n beter prys veral in ons huidige wêreldwye ekonomie,” het Schoeman via Facebook aan Volksblad gesê.

“Verlede jaar het ek besluit om ’n proef te doen en drie studente in poste in Amerika te plaas. Hul terugvoer was ongelooflik en elkeen van hulle het natuurlik met hul vriende gesels en na my verwys. SG Career is toe amptelik in Augustus verlede jaar gestig. Teen September 2009 het SG Career reeds sy eerste aansoeke ontvang. Die idee het al verder ontwikkel en ons is besig om ’n nuwe projek te ontwikkel – vrywilligheidswerk vir Engelse en Amerikaanse studente om in Suid-Afrika te kom werk.”

Swaargewigte in die internasionale sakewêreld het Schoeman se idee beoordeel.

Volgens me. Julia Girling, ’n bemarkingskonsultant in Engeland, is meer as 144 inskrywings vir Flare 2010 ontvang. Uitdunrondes is toe gehou.

Girling sê Schoeman het in die derde ronde teen nege ander finaliste te staan gekom.

Die wenner het ’n algehele prysbedrag van £25 000 (meer as R250 000) ontvang, wat deels kontant en voordele insluit.

Schoeman vertrek vandag terug na Amerika. Hy woon in Philadelphia in die staat Pennsilvanië.

Hy was tot gister in die “pragtige” Welwyn Garden City in die buitewyke van Londen waar hy gewoon het terwyl hy sy BA (Hons.) Besigheid en Bemarking voltooi het.

“Net ná skool was ek twee jaar in Engeland en het daarna ’n jaar in Suid-Afrika gholf gespeel. Die laaste vier (Noordelike Halfrond-) somers (Junie tot September) het ek in Amerika gewerk en die winters (September tot Mei) in Engeland gestudeer.”

Sy groot stokperdjie is gholf en lees en hy geniet dit om nuwe plekke te sien. Sy ouers, mnr. Gert en mev. Sanet Schoeman, woon steeds op Kroonstad.

Hy is voornemens om in Desember op Kroonstad te kom kuier.